# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

## TENDER 8/3/34 -2018 MN183/2018: VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 4420, PIKETBERG

Tenders word hiermee aangevra vir die vervreemding van Erf 4420, Piketberg (±1, 9417 ha groot). Erf 4420, Piketberg is geleë op die hoek van die N7 hoofweg en Hoofstraat (toegang na Piketberg dorp). Die eiendom word tans gedeeltelik aangewend as karavaanpark en het 'n sonering van Oopruimte Sone 2 (Privaat Oopruimte).

Verseëlde tenderdokumente, duidelik gemerk ***"TENDER 8/3/34-2018: VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 4420, PIKETBERG"*** moet voor **12:00 op Maandag, 18 Maart 2019** in die tenderbus**,** Munisipale Kantore, Kerkstraat 13, Piketberg geplaas word en oopgemaak word in die openbaar.

Tenderdokumentasie wat die minimum vereistes bevat is op aanvraag by Mev. E. Scholtz by Tel. No. (022) 913 6062 of E-pos scholtze@bergmun.org.za beskikbaar. Vir meer inligting kan Mnr. W. Wagener, gekontak word gedurende kantoorure by Tel (022) 913 6000 of E-pos wagenerw@bergmun.org.za

Tenders sal geëvalueer word ingevolge die Raad se Voorsieningskanaalbestuursbeleid. Dit is dus verpligtend om die Voorkeurverkrygingsvorms te voltooi om te kwalifiseer vir enige voorkeurpunte. **Pryse moet BTW insluit.**

Verskaffers moet geregistreer wees as 'n voornemende verskaffer op Nasionale Tesourie se Sentrale Databasis (SDB). Die Belastinguitklaringsertifikaat / Belasting ooreenstemmende status Pin / Sentrale verskaffersdatabasis (SDB) nommer (MAAA….), moet saam met die tenderdokument ingedien word. Nie-nakoming hiervan sal die uitslag van die tender ongeldig verklaar.

Slegs tenders wat in **swart** ink voltooi is op die oorspronklike dokumentasie sal aanvaar word. Laat, onvolledige of tenders ontvang per faks of e-pos, sal nie aanvaar word nie. Bewys van versending van 'n tender sal nie as bewys van ontvangs van 'n tender gesien word nie. Die Raad is nie verplig om die laagste of enige tender te aanvaar nie. Die Raad behou die reg voor om enige tender of gedeelte daarvan te aanvaar.

**MUNISIPALE KANTORE**
**KERKSTRAAT 13**
**PIKETBERG**
**7320**

**ADV HANLIE LINDE**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**MK183/2018**

**18 Januarie 2019**